Helpmekaar Kollege

25 Julie

NUUSBRIEF 12



LAUREUS

Die Laureus-sporttoekennings is vanjaar vir die derde keer deur Helpmekaar aangebied.

Die kriteria vir ‘n Laureus-medalje is:

Buitesport
Die leerder moet Suid-Afrikaanse kleure verwerf het (groen en goud) en werklik aan ‘n internasionale kompetisie deelgeneem het. Blote keuring is nie voldoende nie.

Skoolsport
Die leerder moet provinsiale kleure verwerf het en aan ‘n nasionale kompetisie deelgeneem het. Let wel: Interdistrikte deelname tel nie - slegs op nasionale vlak.

Elke sportkode het sy eie kriteria.

Indien ‘n leerder in twee of meer sportkodes provinsiale kleure verwerf het, sal daar slegs een medalje toegeken word.

Elke leerder sal ‘n spesiale medalje ontvang wat met trots gedra kan word.

KOMAAN
ELPMEKAAR

Netbal
Mignon

KOMAAN
HELPMEKAAR

ATLETIEK
ATLETIEK
ATLETIEK
AVONTUURSPORT

ALMAY E 2025

KOMAAN
HELPMEKAAR

KOMAAN
HELPMEKAAR

LWIE 2027

LAUREUS

Die jaar is 1994. By die SA Senior Atletiekkampioenskappe hardloop ‘n 17-jarige skoolseun homself in die rekordboeke in toe hy die 400m in ‘n blitsige 45.15 sekondes kafdraf – ‘n nuwe SA o.20-rekord. Die atleet: Riaan Dempers. Hy wen later ‘n silwer medalje by die Junior Wêreldkampienskappe en verteenwoordig Suid-Afrika ook by die Statebondspele.

Die jaar is 2025. 31 jaar later. Riaan Dempers se rekord staan steeds. By die SA Senior Atletiekkampioenskappe hardloop ‘n 17-jarige skoolseun homself in die rekordboeke in toe hy Riaan se rekord verbeter en die 400m in ‘n nuwe rekordtyd van 45.03 sek kafdraf. Die atleet: Leendert Koekemoer. Hy wen later dié jaar ‘n goue medalje as deel van die 4 x 400m SA aflosspan tydens die Wêreld Aflosspele in China. **Vandag, 31 jaar later** is Riaan ‘n bestuurs-konsultant, gelukkig getroud met sy rooikop tandarts, trotse pa van ‘n seun en twee dogters, en ‘n skole-atletiekafrigter. En deesdae hardloop hy nét vinnig as iets hom jaag (in sy eie woorde).

LAUREUS

Dit was ‘n voorreg om Riaan as gas by ons Laureus-toekenningsgeleentheid te verwelkom. En wat dit nog meer spesiaal gemaak het, is dat Riaan en Leendert mekaar nog nooit in persoon ontmoet het voor vandag nie.

Hy het met die gehoor gepraat en daarna Leendert se goue medalje, wat hy in China verower het, seremonieel aan hom oorhandig.

ATLETIEK

Ons is baie trots op **Stiaan Myburgh (gr. 11)** wat Suid-Afrika by die Afrika-kampioenskappe (o.18 en o.20) in Nigerië verteenwoordig het.

Hy behaal Goud in die 400m-hekkies en is dus die Afrika-kampioen. Hy is ook deel van die aflosspan wat Goud behaal in die Swedish-aflos.

ATLETIEK

Die volgende leerders het Suid-Afrika by die Region 5 Jeugspele in Namibie verteenwoordig en baie goed gevaar:

Enrique Bosch
110 m-hekkies: GOUD
4 x 400-aflos: BRONS

Chemené Mentz
800 m: GOUD
4 x 400 m-aflos: GOUD



Hanro van den Berg
Spiesgooi: GOUD

Megan Roome
3000 m: BRONS

RUITERSPORT

Baie geluk aan die volgende ruiters wat tot die Sentraal-Gautengspan verkies is:

Anlia Bekker

Liam Venter

Leané du Plessis

Amoray Oosthuizen

Christiaan Prinsloo

Annalou Herman

Minke Viljoen

Wian Wilson

Klara van der Linde

NETBAL

Helpies oes medaljes in Potchefstroom

Ons Helpie-netbalspanne het op 18 en 19 Julie koning gekraai by die Irene Seymore-toernooi in Potchefstroom. **Helpmekaar is as algehele toernooiwenners aangewys**.

Eerste span – Goud
17A – Goud
16A – Goud
15A – Brons
14A – Silwer

Kimberley Amiras stap weg met die **Beste verdediger-trofee** by die toernooi.

Luané Human (gr.12) het van 7-11 Julie die Johannesburg Netball Association (JNA) in die provinsiale o.19-span by die Telkom Netball Championships verteenwoordig.
Die span verwerf dan ook 'n silwer medalje.
Baie geluk.

NOODHULPKURSUS: VLAK 2 + 3

Gekombineer met spesiale vergunning

Wanneer? Saterdag, 27 EN Sondag, 28 September

Hoe laat? 08:00 tot 15:00 (beide dae)

Waar? By die skool

Kostes? R 850

Registrasie? Sal na die vakansie open

KRIEKET

o.15 Uplands-kriekettoernooi

Ons o.15A-krieketspan het die afgelope reses Laeveld toe getoer om hul kragte te gaan meet teen verskeie top krieketskole.

Ons span het skoonskip gemaak en al vier hul wedstryde teen Menlopark, Midstream, Nelspruit en Potch Gimmies oortuigend gewen.

BUITESPORT

Marico Stoop (gr.11) was deel van die Gamma MMA Suid-Afrikaanse span wat vanaf 15-23 Junie aan die Wêreldkampioen-skappe in Brasilië deelgeneem het.

Hy behaal ‘n vyfde plek in sy afdeling.



Armandt Griessel (gr.11) het op Vrydag, 11 Julie in die o.17-afdeling aan SA stoei in die 80 kg-kategorie deelgeneem en’n brons medalje verower.

Sebastian Szabo (gr.10) se span verower ‘n vierde plek in Suid Afrika by die *SADSAA Junior GameFish Nationals* en by die *Gauteng InterClub* ‘n derde plek in Diepsee-visvang.

HELPMEKAAR

26 JULIE

@ Transvalia

TRANSVALIA

A-VELD

TYD	HMK
08:00	o.14 A
09:00	o.15 A
10:00	Tweedes
11:10	o.16 A
12:25	Cheerleaders
12:40	Eerstes

B-VELD

TYD	HMK
08:00	Derdes
09:00	o.16 B
10:00	o.14 B
11:00	o.15 B

C-VELD

TYD	HMK
08:00	o.16 C
09:00	o.14 C
10:00	o.15 C
11:00	Vierdes

AKADEMIE: TOP 10

Vanoggend het ons met trots die Top 10 akademiese uitblinkers in elke graad in Termyn 2 aangekondig!

Om in 'n skool wat gevul is met leerders wat weet van hard werk, deursettingsvermoë en toewyding, die Top 10 te haal, is voorwaar 'n prestasie.

Julle is 'n inspirasie vir almal in ons skoolgemeenskap. Hou aan skitter en streef na uitnemendheid!

Ons is trots op ELKE LEERDER wat élke dag hard werk en net hul beste gee.

Akademie Top 10

Termyn 2

Graad 12

Liam Oosthuizen


Daniël Basson

Matthew de Jager

Kayla Wolfaardt

Thea Kotzé

Kaelyn Friguglietti

Kyra Cronjé

Emile du Toit

Carla Voogt

Chandré van den Berg

Akademie Top 10

Termyn 2

Graad 11

Karlie Nel

Mia Boshoff

Inge Vermaak

Jacques Wolfaardt

Stella Myburgh

Almay Erasmus

Juan Korsten

Ruewan Henning

Alex van Loggerenberg

Jubelie Redelinghuys

Akademie Top 10

Termyn 2

Graad 10

Sinden Miller

Charlie Baard

Marieke Wiggett

Sebastian Swanepoel

Mia Ainslie

Anke Vlok

Niel van der Walt

Lienke Olivier

Kara-Mia Botma

Marli Horn

Akademie Top 10

Termyn 2

Graad 9

Mila Kapp

Juan Marais

Katie Doyer

Estelle van der Plas

Lisa Vermaak

Matthew Roberts

Amerize Kleinsmith

Danné Strydom

Hade-Mari van Graan

Aimee Watson

Akademie Top 10

Termyn 2

Graad 8

Inge de Heus

Danielle vd Westhuysen

Milan Botha

John van der Walt

Bismarck Rall

Nina van der Nest

Leonhardt Schulze

Chanté Röhrs

Arabella le Roux-Preis

Millé Lewis

ALGEMENE KENNIS

Interhuis 2025

Dit was ‘n aand van kopkrappers, slim strategie en spangees!

Helpmekaar se Melle, Smuts en Empire het mekaar die stryd aangesê in gisteraand se Algemene Kennis-interhuis... en dit was Melle wat met die oorwinning weggestap het! 🏆

Van lirieke tot feite, Melle se span het bewys dat hul breinkrag en samewerking ‘n wenresep vorm.

Baie geluk aan al ons deelnemers – julle het elkeen gewys dat kennis krag is!

Maar voor die 36 deelnemers gekies is, moes elke liewe Helpie-leerder verlede week ‘n algemene kennistoets aflê. Kyk gerus hoe u sou vaar:

TIK SOMMER ENIGE NAAM IN EN KIES VIR U ‘N GRAAD

TOETS

ORKES IS UITSONDERLIK

Beethoven het eenkeer gesê: “Musiek is ’n hoër openbaring as alle wysheid en filosofie.” Die Helpies het hierdie openbaring Donderdagaand, 24 Julie, tydens die Arte Dela Musica, in ons eie skoolsaal beleef.

Arte Della Musica is Helpmekaar se enigste *unplugged*-konsert. Dis ’n aand waar die fokus val op rou talent, op stories wat deur musiek vertel word, en op keurig saamgestelde items deur leerders wat musiek leef en liefhet. Arte della Musica” is nie net ’n viering van Helpie-talent nie — maar ook van musici oor grense en skole heen. Die Helpie-orkes en ’n gas-orkes uit Soweto het die voete behoorlik laat juk. Die SSM Orchestra — verbonde aan SSM Music and Arts, ’n organisasie wat daarop fokus om jong Suid-Afrikaanse musici te ontwikkel en te bevorder, het saam met Peter McLea en sy orkes passie, dissipline en talent op uitsonderlike wyse gekombineer.

SÊ-NET TIENERTONEEL

Die Sê-Net Tienertoneelfees het weer die verhoog verlig met drie dae van kreatiwiteit, samewerking en inspirasie! Hierdie unieke fees, vernoem na die geliefde oud-Helpie Rika Sennett, bied ’n ruimte waar jong akteurs hul stemme kan slyp sonder die druk van pryse of plekke. Hier gaan dit oor groei, blootstelling en betekenisvolle gesprekke rondom tienerproduksies.

Vanjaar se deelnemers het hul passie en talent gedeel met die ondersteuning van skole soos:

✨ Afrikaanse Hoër Seunskool
✨ Hoërskool Noordheuwel
✨ Hoërskool Witteberg (Bethlehem)
✨ Hoërskool Eldoraigne
✨ Hoërskool Stoffberg & SSStudios
✨ Hoër Volkskool Potchefstroom
✨ Oranje Meisieskool (Bloemfontein)

🎬 Hoogtepunte van die program:
Doolhof deur Robert Kruger met Minke Marais & Vian Singleton,RSG-slypskool & gesprek met Leon van Nierop oor draaiboekskryf, Reünie – Frank Opperman se roerende eenmanvertoning.

Dankie aan @ATKV, @RSG en @Akademia vir hul volgehoue ondersteuning van Afrikaanse kultuur.

Telemann

RUGBYFEES

SPRINGBOKKE VS WALLABIES

SATERDAG 16 AUGUSTUS

R 2500 P/P

ABSA BANK
Rekeningno: 406 683 1879
Takkode: 632 005
Verwysing: Naam+van+SPRINGBOK

13:00: Spitbraai@ HMK
15:15: Busse vertrek na stadion
17:10: Toets @ Ellispark-stadion

Navrae:
linda.vanniekerk@helpmekaar.co.za
082 452 9772

Wallabies
WWW.LEZEBRE.LU

- **Veilige parkering**
- **Busvervoer na en van stadion,**
- **Kaartjie vir wedstryd,**
- **Spitbraai voor wedstryd by HMK (kontantkroeg)**

KOMAAN HELPMEKAAR

Festa

DI VINO

2025

HELPMEKAAR KOLLEGE
VRIENDE VAN HELPMEKAAR

SATERDAG
13 SEPTEMBER
17:30 VIR 18:00

met
Schalk Bezuidenhout
as seremoniemeester

Kom lag en
kuier saam!

Daar is nog enkele kaartjies beskikbaar.
KONTAK NITA CRONJÉ BY 082 577 0102
OM JOU PLEK TE VERSEKER.
**Enige skenkings vir die
veiling word verwelkom.**

Wen Wetenskap & Wiskunde

Win Science & Maths.

Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap Pakkette:

- Nifty Notas.
- Flashy Flitskaarte.
- Eksamen Vraestelle met Memo's.

Graad 8 tot Graad 12 Wiskunde Pakkette:

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

Grade 10 to Grade 12 Science Combos:

- Snazzy Summaries.
- Tricky Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

Grade 8 to Grade 12 Math Combos:

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries

PLEASE VISIT

HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA FOR MORE INFO

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM